Plak asseblief die strepieskode-etiket hier	PUNTE-TOTAAL

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2024

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: VRAESTEL II

EKSAMENNOMMER

Tyd: 3 uur 150 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 34 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Die vraestel is verdeel in Afdeling A (25 punte), Afdeling B (75 punte) en Afdeling C (50 punte).
3. **Beantwoord AL die vrae op die vraestel en dien dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer neer te skryf in die spasie wat voorsien word.**
4. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
5. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
6. Lees die vrae sorgvuldig. Let op die werkwoorde in die vrae, soos verduidelik, noem, kies, bespreek en identifiseer, en beantwoord dan dienooreenkomstig.
7. Gee jou antwoorde in algemene terme. Gebruik byvoorbeeld "woordverwerker" in plaas van "Microsoft Word" of "WordPerfect". Gebruik handelsname slegs wanneer jy gevra word.
8. Gewoonlik word 'n punt per feit toegeken. 'n Tweepuntvraag sal dus twee feite vereis, ensovoorts. Eenwoordantwoorde sal nie noodwendig vir jou die punt gee nie. Skryf in volsinne.
9. MOENIE KORRIGEERVLOEISTOF GEBRUIK NIE.
10. Twee bykomende bladsye (bladsy 33 en 34) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Gebruik hierdie bladsye indien jy te min spasie vir 'n vraag het. Dui die vraagnommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

SLEGS VIR AMPTELIKE GEBRUIK:

NASIENER MOET PUNTE HIERONDER INSKRYF									
V1	**V2**	**V3**	**V4**	**V5**	**V6**	**V7**	**V8**	**V9**	**TOTAAL**
12	**13**	**25**	**14**	**10**	**14**	**12**	**24**	**26**	**/150**
NASIENER/MODERATOR MOET HIERONDER PARAFEER									

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies die **TOEPASLIKSTE** antwoord op elke vraag. Skryf die letter van jou keuse langs elke vraagnommer in die spasie wat voorsien word.

1.1.1 Die oorkoepelende ontwerp van 'n hele dokument wat kleure, fonts en effekte insluit, staan as … bekend.

A 'n styl
B 'n templaat
C 'n tema
D outomatiese teks

1.1.1	

(1)

1.1.2 Die slagspreuk "*It's criminal if it's not original!*" beskryf …

A diefstal van intellektuele eiendom.
B indringing in 'n rekenaar.
C skuldig wees aan sagtewareroof.
D die gebruik van teksenkriptering.

1.1.2	

(1)

1.1.3 'n Lêer-... spesifiseer die unieke ligging van 'n lêer of gids in 'n lêerstelsel.

A naam
B pad
C eienskap
D uitbreiding

1.1.3	

(1)

1.1.4 'n Raakskerm is die effektiefste toevoertoestel wanneer 'n gebruiker …

A tussen beperkte opsies moet kies.
B groot hoeveelhede teks moet vaslê.
C uit 'n lang lys opsies moet kies.
D 'n groot reeks getalle moet insleutel.

1.1.4	

(1)

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

1.1.5 Watter een van die volgende berekende velde sal belasting op toegevoegde waarde van 15% in 'n databasisnavraag korrek bepaal?

A BTW:[Prys]*0.15
B BTW=(!Prys)*0.15
C BTW=["Prys"]*0.15
D BTW:(Prys)*0.15

1.1.5	

(1)

1.1.6 Watter EEN van die volgende toestelle sal gebruik word om 'n nood-voorraad elektrisiteit te verskaf in die geval van 'n kragonderbreking?

A *PSU*
B *SPD*
C OKT (*UPS*)
D *BJT*

1.1.6	

(1)

1.1.7 'n Rede waarom 'n webkamera NIE geskik sal wees om foto's van 'n belangrike geleentheid, soos 'n prysuitdeling, te neem of om die geleentheid op te neem nie.

A Hoë videogehalte
B Hoë versieningskoste
C Ontoereikende berging
D Lae videogehalte

1.1.7	

(1)

[7]

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

1.2 Kies die **TOEPASLIKSTE** term/funksie (onderstreep en tussen hakies) vir elke stelling wat volg. Skryf **SLEGS** die term/funksie van jou keuse langs elke stellingnommer in die spasie wat voorsien word.

1.2.1 (PIC/JPG) is 'n lêeruitbreiding wat algemeen vir prentjielêers gebruik word.

1.2.1	

(1)

1.2.2 (Blogs/RES(*RSS*)-voere) is webwerwe wat plasings in die vorm van 'n dagboek bevat.

1.2.2	

(1)

1.2.3 (Teks-na-spraak/Spraak-na-teks) is dieselfde as spraakherkenning.

1.2.3	

(1)

1.2.4 'n E-posprogram kan 'n aanhegsel op grond van die (grootte/datum) van die lêer verwerp.

1.2.4	

(1)

1.2.5 =SUMIF(A8:A30; 10; C8:C30)

In die gegewe formule verteenwoordig die bestek (A8:A30/C8:C30) die bestek wat bymekaargetel sal word.

1.2.5	

(1)

[5]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V1	

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

VRAAG 2

2.1 Kies die term/konsep in Kolom B wat die **BESTE** pas by die beskrywing in Kolom A. Skryf die letter van jou keuse langs elke vraagnommer in die spasie wat voorsien word, byvoorbeeld 2.1.9 Q.

	Kolom A	**Kolom B**
2.1.1	Dit sluit nutsprogramme/sagteware in wat vooraf op jou rekenaar geïnstalleer word om die stelsel te help in stand hou	A. Roosterverwerking
2.1.2	'n Versameling onafhanklike netwerkrekenaars wat saamwerk om baie groot take uit te voer	B. Stelselhulpmiddels
2.1.3	Die instelling op 'n kamera om die sensitiwiteit vir lig te meet	C. GUI
2.1.4	'n Kommunikasietegnologie wat 'n paarproses behels	D. Tabelaansig
2.1.5	Sagteware wat 'n rekenaar in staat stel om met hardeware of toestelle te kommunikeer	E. Administratiewe hulpmiddels
2.1.6	Die venster in Access wat die inhoud van 'n tabel in rye en kolomme vertoon	F. Grafikakaart
2.1.7	'n Hardewarekomponent wat die gehalte van die beeld op die skerm bepaal	G. Spioenware
2.1.8	'n Tipe kwaadwillige program wat inligting oor 'n gebruiker insamel sonder die gebruiker se medewete	H. Bluetooth
		I. Eweknie-tot-Eweknie
		J. Databladaansig
		K. Aspekverhouding
		L. Deling
		M. Strikroof (*Phishing*)
		N. Aandrywer
		O. ISO
		P. VoIP

2.1.1		(1)
2.1.2		(1)
2.1.3		(1)
2.1.4		(1)
2.1.5		(1)
2.1.6		(1)
2.1.7		(1)
2.1.8		(1)

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

2.2 Jy ontvang die volgende lys akronieme. Kies die **TOEPASLIKSTE** akroniem vir elke vraag wat volg. Skryf **SLEGS** die akroniem van jou keuse langs elke stelling-nommer neer in die spasie wat voorsien word.

RSI	AUP	HTTPS	ROM
POS	PDF	DIMM	RAM
SIM	EULA	HDMI	VGA

2.2.1 Poort wat beide klank- en visuele seine dra.

2.2.1	

(1)

2.2.2 'n Term wat gebruik word om die pyn te beskryf wat deur herhaalde beweging van dele van die liggaam veroorsaak word.

2.2.2	

(1)

2.2.3 … gebruik enkripsie om kommunikasie oor 'n rekenaarnetwerk te beveilig.

2.2.3	

(1)

2.2.4 'n Stel reëls wat deur die administrateur van 'n rekenaarnetwerk toegepas word.

2.2.4	

(1)

2.2.5 … is 'n tipe geheue wat nuttig is vir die berging van sagteware wat selde verander word.

2.2.5	

(1)

[13]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V2	

25 punte

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

AFDELING B

VRAAG 3 STELSELTEGNOLOGIEË

3.1 Voltooi die tabelle hieronder deur die volgende beelde te identifiseer en hul hooffunksie(s) te noem.


3.1.1



[<https://www.blitzwolfeurope.com/>]

Naam van hardeware	(1)
Hooffunksie	_____ _____ _____ (1)

3.1.2



[<https://www.g2.com/articles/>]

Naam van sagteware	(1)
Hooffunksie	_____ _____ _____ (1)

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK


3.1.3



[<https://www.computermania.co.za/>]

Naam van hardeware	(1)
Hooffunksie	_____ _____ _____ (1)

3.1.4



[<https://turbofuture.com/computers//>]

Naam van hardeware	(1)
Hooffunksie	_____ _____ _____ (1)

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

3.2 Jy wil jou huidige rekenaar opgradeer, maar dit kan duur wees om 'n rekenaar te koop, daarom is dit belangrik om die regte besluite te neem.

3.2.1 Noem die **TWEE** hardewarekomponente wat, afgesien van die bergingstoestelle, oor die algemeen die belangrikste is vir die effektiewe werking van 'n rekenaar.

_____

_____

(2)

3.2.2 SSD's is stadig besig om in sekere situasies al wyer erken te word as 'n alternatief vir die HDD (hardeskryfaandrywer). Gee **TWEE** redes waarom SSD's HDD's NIE as 'n rekenaar se hoofbergingstoestel vervang het nie, selfs al het SSD's baie voordele.

Rede 1:

_____

_____

(1)

Rede 2:

_____

_____

(1)

3.3 Jy oorweeg dit om 'n slimfoon in plaas van 'n rekenaar te koop, aangesien jy gehoor het dat 'n slimfoon soos 'n rekenaar in jou sak is.

Gee **TWEE** toevoertoestelle wat in 'n slimfoon aangetref word, maar nie in 'n tipiese tafelrekenaar nie.

_____

_____

(2)

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

3.4 Noem **TWEE** voordele van die gebruik van 'n mikro-USB-poort in plaas van die standaard-USB-poort op 'n slimfoon.

Voordeel 1:

_____

_____ (1)

Voordeel 2:

_____

_____ (1)

3.5 Indien jy besluit om 'n tafelrekenaar te koop, verskaf **TWEE** redes waarom die keuse van 'n intreevlakverwerker 'n geskikte besluit vir jou persoonlike verwerkingsbehoeftes sal wees.

Rede 1:

_____

_____ (1)

Rede 2:

_____

_____ (1)

3.6 In een van die advertensies is 'n LED-monitor met die volgende spesifikasies geadverteer:

23" 16:9 Wide Screen

3.6.1 Gee die eenheid waarin die 23"-spesifikasie gemeet word.

_____ (1)

3.6.2 Verduidelik hoe die grootte van 'n monitor gemeet word.

_____

_____ (1)

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

3.7 Benewens die hardewarekomponente in 'n rekenaar speel die bedryfstelsel ook 'n belangrike rol. Bedryfstelsels verskaf ook ander nuttige programme wat gesamentlik as "nutsprogramme" bekend staan.

3.7.1 Verduidelik kortliks waarvoor 'n skeduleringsprogram gebruik word.

_____

_____

(1)

3.7.2 Gee enige **TWEE** kriteria wat 'n lêerbestuurder soos Windows Explorer kan gebruik om na 'n lêer te soek afgesien van die naam van die lêer.

_____

_____

(2)

3.7.3 Gee die kortpadsleutelkombinasie wat gebruik kan word om die *Task Manager* oop te maak en dui aan waarvoor hierdie nutsprogram die meeste gebruik word.

Kortpadsleutel:

_____

(1)

Waarvoor dit gebruik word:

_____

_____

(1)
[25]


SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V3	

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

VRAAG 4 INTERNET EN NETWERKTEGNOLOGIEË

Bestudeer die beeld van 'n netwerk hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



Figuur 1
[<https://techterms.com/definition/network>]

4.1 'n Internetdiensverskaffer (IDV) verbind ons met die internet wat ons kan gebruik om toegang tot die Wêreldwye Web (WWW) te verkry. Wat is die WWW?

_____

_____

(1)

4.2 Noem **TWEE** faktore buiten koste wat sorgvuldig oorweeg moet word wanneer 'n IDV gekies word.

Faktor 1:

_____

_____

(1)

Faktor 2:

_____

_____

(1)

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

4.3 Noem **TWEE** funksies van 'n roeteerder soos wat dit in hierdie tuisnetwerk gebruik word.

Funksie 1:

(1)

Funksie 2:

(1)

4.4 Die roeteerder wat op die beeld aangedui word, het slegs vier netwerkkabelpoorte.

Noem **TWEE** maniere om meer as vier toestelle met hierdie roeteerder te verbind.

Oplossing 1:

(1)

Oplossing 2:

(1)

4.5 Wat is die hoofverskil tussen 'n kliëntrekenaar (werkstasie) en 'n netwerkbediener?

(2)

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

4.6 Bestudeer die internetverbindingspakket wat hieronder geadverteer word en beantwoord die vrae wat volg.

50 GB Data per month Shaped

4.6.1 Sal jy die pakket wat hierbo aangedui word as "beperk" of "onbeperk" beskryf? (Dui jou keuse aan deur een van die opsies hieronder te merk.)

Beperk ☐ Onbeperk ☐

(1)

Motiveer jou antwoord:

_____

_____

(1)

4.6.2 Gee die algemene term wat gebruik word wanneer 'n internetdiens-verskaffer jou internetspoed stadiger maak wanneer jy groot hoeveelhede data aflaai.

_____

(1)

4.6.3 Gee **TWEE** faktore (afgesien van die een in VRAAG 4.6.2) wat internet-spoed kan beïnvloed.

Faktor 1:

_____

_____

(1)

Faktor 2:

_____

_____

(1)
[14]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V4	

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

VRAAG 5 INLIGTINGSBESTUUR



[<https://www.sharkclean.com/vacuums/robot-vacuums/>]

Figuur 2

Nadat Thomas in sy eie woonstel ingetrek het, het hy gou besef dat dit baie tydrowend is om die woonstel te stofsuig. 'n Vriend het hom vertel van die moontlikheid om 'n robotstofsuier te hê. Dit het na 'n wonderlike idee geklink en hy het begin om die moontlikheid te ondersoek om 'n robotstofsuier te koop.

5.1 Thomas het die soekfrase "robotstofsuier" in Google ingetik en 38 300 000 "trefslae" gekry.

Verduidelik kortliks wat 'n "trefslag" in hierdie konteks is deur te verwys na hoe 'n soekenjin funksioneer.

_____

_____

_____

(2)

5.2 Toe Thomas dieselfde soekfrase tussen aanhalingstekens ("robotstofsuier") intik, is die getal trefslae tot 5 870 000 verminder.

Verduidelik waarom 'n soektog met dieselfde soekfrase tussen aanhalingstekens die getal trefslae verminder.

_____

_____

_____

(2)

5.3 Gee **EEN** ander manier om oor die algemeen minder, maar meer relevante resultate vir 'n websoektog te verkry.

_____

_____

(1)

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

5.4 Om die stofsuier te programmeer moet Thomas die Sharkclean®-toep aflaai. Gebruik die opskrifte wat hieronder gegee word om die tipe programmering te verduidelik wat hy sal moet doen om te verseker dat die stofsuier goed funksioneer sodat daar 'n positiewe resultaat is.

Toevoer:

_____

_____

_____

(1)

Verwerking:

_____

_____

_____

(1)

Afvoer:

_____

_____

_____

(1)

5.5 Watter inligting oor 'n klant sal geskik wees vir 'n primêre sleutel op die klantedatabasis van die Sharkclean®-maatskappy?

_____

(1)

5.6 Aangesien ons in die Inligtingsera leef, word ons met baie inligting gebombardeer. Gee **EEN** rede waarom Thomas die gehalte van inligting moet verifieer voordat hy die produk bestel afgesien van die gevaar dat dit vals nuus kan wees.

_____

_____

(1)
[10]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V5	

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

VRAAG 6 SOSIALE IMPLIKASIES

6.1 Voltooi die sinne deur die korrekte vyf terme uit die lys te kies. Elke term kan slegs een keer gebruik word:

- Etiek
- Vryware
- Gratis sagteware
- Indringing
- Boosware
- Plagiaat
- Deelware
- Virus

Om 'n ander persoon se werk van die internet te neem en dit as jou eie aan te bied word _____ genoem. Dit is moontlik om jou werk aanlyn met kopiereg te beskerm.

Een produk wat mense sal wil beskerm, is sagteware. _____ laat 'n persoon toe om sagteware vrylik te deel, te kopieer en te verander, maar _____ laat 'n persoon nie toe om dit wettig te doen nie.

Sagteware wat 'n lisensie het om gratis gebruik vir 'n proeftydperk toe te laat, word _____ genoem. Die naam wat vir hierdie terrein van rekenaar-wetenskap gegee word, is _____.

(5)

6.2 Dit is beter om die URL van 'n webwerf, soos die URL van jou e-bankwebwerf, in jou blaaier in te tik in plaas daarvan om op 'n skakel te klik. Sal dit help indien jou rekenaar deur 'n domeinfoppery- (*pharming*) "aanval" geraak is? (Dui jou keuse aan deur een van die opsies hieronder te merk.)

Ja ☐ Nee ☐

(1)

Motiveer jou antwoord deur kortliks te verduidelik wat domeinfoppery is.

_____

_____

_____

(2)

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

6.3 Aanlyn banksake word al gewilder.

Aanlyn banksake kan 'n risiko wees, aangesien dit tot verskeie sekuriteitskwessies aanleiding kan gee. Een sekuriteitsmaatreël wat beskikbaar is, is aanlyn geldigheidsvasstelling (*authentication*). Verduidelik die verskil tussen enkelstapgeldigheidsvasstelling en meerstapgeldigheidsvasstelling deur 'n voorbeeld van elk te verskaf.

Enkelstapgeldigheidsvasstelling:

_____

_____

(1)

Meerstapgeldigheidsvasstelling:

_____

_____

(1)

6.4 Nog 'n tipe misdaad is kaartafskepping (*skimming*). Verduidelik hoe kaart-afskeppers werk.

_____

_____

_____

_____

(2)

6.5 Sosiale manipulasie kan gedefinieer word as 'n handeling om mense te manipuleer om persoonlike inligting te verkry om rekenaarmisdade te pleeg. Verduidelik die volgende twee voorbeelde van sosiale manipulasie kortliks:

Shoulder surfing:

_____

_____

_____

(1)

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

Trojaanse perd:

_____

_____

_____

(1)
[14]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V6	

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

VRAAG 7 OPLOSSINGONTWIKKELING

7.1 Verduidelik wat 'n kenmerk in HTML-kodering is en gee een voorbeeld van 'n kenmerk.

Kenmerk:

_____

_____

(2)

Voorbeeld:

_____

(1)

7.2 Teken 'n diagram om te toon wat in 'n webblaaier vertoon sal word wanneer hierdie HTML-kode geloop word:

```
<table border ="1">
    <tr>
        <td colspan = "3" align = "center" >Heading 1</td>
    </tr>
    <tr >
        <td rowspan = "3"> Heading 2 </td>
        <td colspan = "2">Items</td>
    </tr>
    <tr>
        <td>Data 1</td>
        <td>Data 2</td>
    </tr>
    <tr>
        <td>Data 3</td>
        <td>Data 4</td>
    </td>
</table>
```


Figuur 3

(4)

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

7.3 Die besonderhede van klantbestellings verskyn in die Bestellings-werkblad en die voorraadkodes en beskrywings verskyn in 'n tabel in die Kodes-werkblad in dieselfde sigblad soos hieronder getoon.



Figuur 4

7.3.1 Watter sigbladfunksie sal jy in die Bestellings-werkblad gebruik om 'n produkbeskrywing vir elke kode te vertoon?

_____

(1)

7.3.2 Hoe kan jy verseker dat die funksie korrek sal werk wanneer jy dit ondertoe kopieer vir al die klante in die Bestellings-werkblad?

_____

(1)

7.3.3 Watter verandering moet aan die Voorraad-tabel in die Kodes-werkblad aangebring word om te verseker dat die funksie nie 'n foutboodskap sal terugstuur nie?

_____

_____

(1)

7.4 Jou vriend het die volgende term raakgeloop: WYSIWYG

Verduidelik kortliks aan hom wat hierdie term beteken.

_____

_____

_____

(2)
[12]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V7	

75 punte

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

AFDELING C

VRAAG 8 GEÏNTEGREERDE SCENARIO



[<https://geopard.tech/blog/importance-of-drone-technology-in-agriculture/>]

Figuur 5

Tshepo het landbou studeer, omdat hy eendag die plaas sal erf en hy sy pa wil help om 'n sukses daarvan te maak. Hy het die volgende artikel raakgeloop:

"Dit is baie moeilik om enige sektor van die ekonomie na te gaan sonder om die gebruik van hommeltuie op te merk. In die landbousektor raak hommeltuie al gewilder. Dit word vir 'n verskeidenheid van take gebruik. Hommeltuie van verskillende tipes word ondersoek om te kyk watter een die grootste potensiaal het vir tuinmaak, landbou en boerdery …"

[<https://geopard.tech/blog/importance-of-drone-technology-in-agriculture/>]

Aangesien baie ondernemings van IKT (inligtingskommunikasietegnologie) gebruik maak, beplan Tshepo om 'n paar veranderinge in die daaglikse bedryf van die plaas aan te bring deur IKT te gebruik.

8.1 Tshepo wil die waarde van IKT in die werkplek aan sy pa verduidelik en hoe dit die daaglikse bedryf van die plaas kan verbeter.

Gee **TWEE** algemene voordele van die gebruik van rekenaars afgesien van hul nuttigheid vir kommunikasie.

Voordeel 1:

_____

_____

(1)

Voordeel 2:

_____

_____

(1)

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

8.2 Tshepo se pa is nie seker hoe die gebruik van hommeltuie in die landbouveld van enige hulp vir die plaas sal wees nie.

8.2.1 Verduidelik kortliks wat 'n hommeltuig is en hoe dit werk.

_____

_____

_____

(2)

8.2.2 Hou die scenario in gedagte en noem **TWEE** voordele van die gebruik van 'n hommeltuig.

Voordeel 1:

_____

_____

(1)

Voordeel 2:

_____

_____

(1)

8.3 Om die gebruik van tegnologie op die plaas te versnel het Tshepo besluit om in 'n skootrekenaar te belê. Tshepo se pa wil weet waarom hy nie eerder net 'n tafelrekenaar kan koop nie.

Bespreek **TWEE** redes afgesien van kostebesparing waarom Tshepo 'n skoot-rekenaar in plaas van 'n tafelrekenaar in hierdie konteks sal verkies.

Voorstel 1:

_____

_____

(1)

Voorstel 2:

_____

_____

(1)

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

8.4 Tshepo het die volgende advertensie (soos in Figuur 6 vertoon) gekry van 'n skootrekenaar wat 'n opsie kan wees om vir die plaas te koop:



Lenovo ThinkPad T410 – Intel i5 Laptop + Windows 10 Pro

Intel Core i5-520M 1st Generation – 2.4GHz
(3M Cache, 2.40 GHz)
Dual-Core with Hyper-Threading (2 Core/4 Threads)
Intel Turbo Boost Technology 1.0
4GB DDR3 Memory
250GB SATA Harddrive
Intel HD Graphics
14.1" LED Display
2 Megapixel Webcam
4 × USB 2.0 Ports
1 × eSATA/USB Port
1 × VGA Port
1 × Display Port
5 in 1 MMC Reader
DVD-ROM
Combo Audio Jack
Gigabit Ethernet LAN Port
Wi-Fi
Windows 10 Professional

[<https://www.takealot.com/lenovo-thinkpad-t410-intel-i5-windows-10-laptop>]

Figuur 6

8.4.1 Noem die tipe geheue waarna 4GB DDR3-geheue in die advertensie verwys.

_____

(1)

8.4.2 Tshepo is bekommerd oor die 4GB DDR3-geheue. Stel **TWEE** redes voor waarom meer geheue geïnstalleer moet word.

Rede 1:

_____

_____

(1)

Rede 2:

_____

_____

(1)

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

8.5 In die advertensie word daar na die eSATA-poort verwys. Tshepo is nie seker waarna die eSATA-poort verwys nie.

Verduidelik waarvoor 'n eSATA-poort gebruik word.

_____

_____

(1)

8.6 Tshepo oorweeg die gebruik van 'n strepieskode-ID-kaart vir elkeen van die werknemers op die plaas. Dit sal hom help wanneer die werknemers die ID-kaart skandeer wanneer hulle vir werk aanmeld en wanneer hulle gaan.

8.6.1 Noem **TWEE** voordele van die skandering van strepieskodes in teenstelling met die neerskryf van inligting met die hand.

Voordeel 1:

_____

_____

(1)

Voordeel 2:

_____

_____

(1)

8.6.2 Noem 'n toestel wat gebruik kan word om strepieskodes te skandeer buiten strepieskodeskandeerders.

_____

(1)

8.6.3 Gee die term wat gebruik word om data te beskryf wat by die werknemers ingesamel kan word om hulle uniek te identifiseer op grond van hul fisieke eienskappe.

_____

(1)

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

8.7 Watter kommunikasietegnologie sal heel waarskynlik op die plaas gebruik word om met die internet te verbind? Motiveer jou antwoord.

Kommunikasietegnologie:

_____

(1)

Motivering:

_____

_____

(1)

8.8 Tshepo het gehoor dat NFC 'n kommunikasiemedium is wat op baie mobiele toestelle beskikbaar is.

8.8.1 Hoe sal 'n mens lêers oordra deur NFC tussen twee toestelle te gebruik waarop die NFC-instelling aangeskakel is?

_____

_____

(1)

8.8.2 Noem **TWEE** gebruike van NFC.

Eerste gebruik:

_____

_____

(1)

Tweede gebruik:

_____

_____

(1)

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

8.9 Tshepo wil sy slimfoon as 'n Wi-Fi-warmkol gebruik.

Noem **TWEE** redes waarom Tshepo dit nie moet doen nie.

Nadeel 1:

_____

_____

(1)

Nadeel 2:

_____

_____

(1)

8.10 Om inligting oor sy seinsterkte te verkry het sy diensverskaffer voorgestel dat hy die volgende nommer skakel:

*120*233#

Wat noem 'n mens hierdie tipe nommer?

_____

(1)
[24]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V8	


IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

VRAAG 9 GEÏNTEGREERDE SCENARIO (vervolg)

9.1 Tshepo sal die skootrekenaar ook vir baie van die administratiewe take op die plaas gebruik.

9.1.1 Tshepo het 'n verslag in Microsoft Word opgestel en nadat die *Show/Hide*-eienskap geaktiveer is, is die volgende vertoon:



Figuur 7

Verwys na die *Show/Hide*-formateringsimbole. Hoe het Tshepo die getalle in die skermgreep hierbo in lyn probeer stel?

_____

_____

(1)

9.1.2 Gee **TWEE** ander woordverwerkingseienskappe wat hy kon gebruik om die data hierbo beter in lyn te stel.

Eienskap 1:

_____

(1)

Eienskap 2:

_____

(1)

9.1.3 Tshepo sukkel om data in lyn te stel en wanneer hy die inkeepformatering moet gebruik.

Gee **TWEE** verskillende eienskappe/hulpmiddels wat in Microsoft Word beskikbaar is om die inkepings in 'n woordverwerkingsdokument te stel.

Metode 1:

_____

(1)

Metode 2:

_____

(1)

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

9.1.4 Tshepo wil verseker dat daar geen onnodige formatering is wat op sy elektroniese vormdokument gedoen kan word nie. Die *Restrict Editing*-eienskap op die *Developer*-oortjie sal hom toelaat om die getal veranderinge wat ander op sy elektroniese vorm kan aanbring, te beheer.

Gee **TWEE** tipes redigering wat beperk kan word wanneer hierdie eienskap gebruik word.

Voorbeeld 1:

_____

_____

(1)

Voorbeeld 2:

_____

_____

(1)

9.2 Tshepo wil 'n databasis van al die werknemers op die plaas skep.
Bestudeer die volgende databasistabel:

Werknemernaam	Geslag	Selfoonnommer
Mbabazi O	V	846628567
Mofokeng G	M	629915773

9.2.1 Wat is die verskil tussen 'n **veld** en 'n **rekord** in 'n databasis?

Veld:

_____

_____

(1)

Rekord:

_____

_____

(1)

9.2.2 Waarom verdwyn die nul voor die kontaknommer wanneer jy die nommer byvoeg?

_____

_____

(1)

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

9.2.3 Skets 'n moontlike oplossing vir die probleem in vraag 9.2.2.

(1)

9.2.4 Noem **DRIE** moontlike probleme wat kan voorkom omdat die werknemer se van en voorletters in dieselfde veld is.

Probleem 1:

(1)

Probleem 2:

(1)

Probleem 3:

(1)

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

9.3 Tshepo moet sy werknemers by die distrikskantoor vir die Werkloosheid-versekeringsfonds (WVF) registreer.

9.3.1 Noem **TWEE** maniere waarop Tshepo die werknemer se inligting elektronies met die distrikskantoor kan deel.

Oplossing 1:

_____

_____ (1)

Oplossing 2:

_____

_____ (1)

9.3.2 Noem **TWEE** eienskappe wat Tshepo in 'n databasis kan gebruik om te verseker dat die data van die werknemers korrek vasgelê word.

Eienskap 1:

_____ (1)

Eienskap 2:

_____ (1)

9.4 Tshepo moet 'n drukker vir die plaas koop, aangesien hy van tyd tot tyd dokumente sal moet druk. Een van die werknemers het 'n veeldoelige drukker voorgestel.

9.4.1 Gee **TWEE** redes, afgesien van die druk van dokumente, waarom dit 'n goeie voorstel kan wees om 'n veeldoelige drukker te koop.

Rede 1:

_____

_____ (1)

Rede 2:

_____

_____ (1)

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

9.4.2 Gee vir Tshepo **EEN** drukopsie wat gebruik kan word om papier te bespaar afgesien van druk aan weerskante van die papier.

_____

_____

(1)

9.4.3 Wat sal die hoofvoordeel daarvan wees om 'n drukker te koop wat 'n ingeboude Wi-Fi-ontvanger het?

_____

_____

(1)

9.5 Om die plaas en die produkte van die plaas te bevorder stel 'n vriend aan Tshepo voor dat hy 'n *reel* op Instagram plaas.

Definieer die term *reel* in hierdie konteks.

_____

_____

(2)

9.6 Tshepo is bekommerd dat 'n skootrekenaar nie die beste ergonomiese toestel is nie.

Gee **TWEE** redes waarom Tshepo se waarnemings korrek is.

Rede 1:

_____

_____

(1)

Rede 2:

_____

_____

(1)
[26]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V9	

50 punte

Totaal: 150 punte

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

BYKOMENDE SPASIE (ALLE VRAE)

ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.

IEB Copyright © 2024

VIR NASIENER SE GEBRUIK

IEB Copyright © 2024